Sing vooraf: Psalm 144:2 (p. 691)

2 Wat is die mens, o HEER; wat sy geslag? / En wat is hy dat U op hom sou ag?
Soos skaduwees verswind sy lewenstyd: / en sy bestaan is enkel ydelheid.
Buig, HEER, die hoë hemel en daal af! / Strek uit u hand, tref berge met u straf,
dat rook kan opstyg uit hul ingewand, / en slinger neer van bo u hemelbrand!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 150:1 (p. 719)

1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëndhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 149:2 (p. 717)

Wet

Psalm 149:2 (p. 717)

2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 148:1 (p. 711)

1 Loof uit die heemle, loof die HEER! / Loof in die hoogtes, sing sy eer!
Loof, heil'ge eng'le, om sy troon, / die God wat in die hoogte woon!
Loof almal saam, o leërmagte, / wat Hom omring as troue wagte!
Loof, blink gesternte, maan en son: / Hy is van alle lig die bron.

Skriflesing: 2 Korintiërs 4:16 – 5:10

Teks: 2 Korintiërs 5:1

Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele. (2 Korintiërs 5:1 AFR1953)

Hierdie is die soort boodskap wat ons by 'n begrafnis hoor waar ons van 'n geliefde afskeid neem. In 'n begrafnispreek word die genade van die verre toekoms gewoonlik oopgevou. Dit het 'n tweeledige doel:

- In die eerste plek gee dit ons die hoop dat ons en ons geliefdes wat salig gesterf het, mekaar weer sal sien.
- In die tweede plek gee dit ons hoop vir ons eie toekoms.

Dit is presies waarom hierdie gedeelte ook by Nagmaal pas. Nagmaal is die sakrament waarmee ons die dood en begrafnis van die Here Jesus onthou – en ook die seën van die verre toekoms wat daaruit voortvloei.

In hierdie gedeelte hoor ons ’n jubelboodskap:

- God gee vir ons ewige vreugde en vrede.
- Modern gestel, sê hierdie gedeelte vir ons:
    - Julle stry elke dag in die lewe.
    - Julle het soms werkspanning;
    - ander kere huwelikspanning;
    - dikwels is daar spanning tussen julle en iemand anders.
    - Maar hou moed, want al hierdie dinge gaan verby – in die hemel is dit heeltemal anders.

Die saak wat tel, is net om hierdie tydperk van die tentwoning te oorleef sodat ons in die Here se ewige huis kan kom.

- Daar is ’n lewenstruktuur wat so volmaak is dat geeneen van hierdie dinge wat uit ons sondige gebrokenheid gebore word, daar bestaan nie.
- Die uitverkorenes moet net moedhou onder moeilike druk, en besef dat pyn juis die werktuig is waarmee die Here die innerlike mens dag na dag vernuut.

Dit is so dat almal van ons al hierdie ding ondervind het dat ons gees en ons geloof groei wanneer ons onder spanning kom.

- Waarom? Omdat dit ons dwing om selfondersoek te doen – om te kyk wat gaan in onsself aan!
- Nie net om te probeer om die fout van ons kant af uit te stryk nie – die eindproduk is dat ons met soveel meer eerlikheid en diepte in aanbidding voor God buig.

In hoofstuk 4:16 openbaar die Here wat die kinders van God alles beleef.

- Die kind van God is ’n mens wat soms soveel geweldige stryd kan deurworstel dat die Bybel hier skryf dat die uiterlike mens heeltemal kan vergaan.
- Daarom stel die Bybel dit so in vers 17 dat ons aardse stryd inderdaad maar net ’n ligte verdrukking is – want as ons dit moet meet langs die smarte en wroeging wat daar in die hel sal wees, kan mens die twee glad nie eers vergelyk nie.
- Dit is soveel meer waar as ons onthou dat ons seer hier op die aarde die ewige heerlikheid tot gevolg het.

Die Bybel gee hier die rede waarom gelowiges verdruk word.

- Deur die verdrukking te verduur, kry ons die wins van die hemel.
- Let op na die kontras waarmee die Bybel hier werk.
    - Die stryd word makliker voorgestel as wat dit hier is: Dit is ’n ligte stryd.
    - Daarna word die hemel in die oortreffende vorm beskryf: Die heerlikheid daar kan nie beskryf word nie.
- Die stryd van die aardse lewe word gekontrasteer teen die ewige heerlikheid van God.

Die kontras kom uit in vier beelde:

- Ligte stryd staan teenoor swaar heerlikheid.
- Teenoor die oomblik op die aarde staan die ewigheid by God.

Dit is opvallend dat die Bybel hier teenoorgesteld praat as op ander plekke, want op ander plekke word die lewe op aarde altyd as ’n swaar stryd uitgebeeld.

- Die Here se heerlikheid, met ander woorde *ewige lig*, staan teenoor die swaar van die stryd,

met ander woorde die ewige donker van die hel.

Hoofstuk 5:2 is ’n goeie voorbeeld hiervan waar Paulus sê dat ons sug onder verdrukking en begeer dat die woning uit die hemel oor ons oopgespan moet word.

- Die Bybel doen dit juis sodat ons nie die regte verhoudings uit die oog moet verloor nie.
- As ons ons swaarkry meet langs die saligheid wat deur Jesus Christus bewerk is, dan is die stryd maar min wat ons moet verduur tot God se eer.
- Met reg gesê: Die stryd is lig!

Die volgende vers vestig ons aandag op die dinge wat ter sake is:

> **. . . omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.** (2 Korintiërs 4:18 AFR1953)

Wat is die boodskap?

- Die Here wil hê dat ons moet jubel en juig oor dit wat kom.
- Ons moet nie altyd ons ankers vasslaan in dit wat sigbaar en lelik is nie, want by die Here tel die onsigbare dinge.

Ons moet fyn onderskei.

- Dit gaan nie oor dinge wat ons doen of mag doen nie.
- Dit gaan nie by die Here oor die suksesse wat ons in die lewe behaal nie.
- Dit gaan oor dinge wat bepalend is vir ons saligheid.
- Dit gaan oor ons verhouding met die Here en hoe ons die stryd tydens ons aardse lewe omskakel in die jubeling van die ewige oorwinning.

Dit gaan daaroor of ons die aanslae van die duiwel wil oorwin en dan gebruik om ons geloof in diepte te laat groei totdat ons ons God in sy ewige huis ontmoet.

- Die Here bemoedig ons in hierdie proses wat ons daagliks deurmaak deur ons daarop te wys dat hierdie aardse tentwoning afgebreek gaan word.
- Hy gaan dit vir ons – sy uitverkorenes – omskep in ’n ewige huis by Hom in die hemele.

Die Here beeld ons lewe uit met twee beelde:

- Die eerste beeld is ’n tent wat iewers opgeslaan is.
    - Almal weet dat ’n tent net vir ’n tyd lank op ’n plek staan, dan word dit afgebreek en verskuif.
    - Dit beeld uit hoe ons jare verbygaan; hoe ons sukses verbygaan.
    - Dit beeld uit hoe ons liggame verbygaan totdat ons en ons graf metgeselle word wat saam die wederkoms afwag.
- Die tweede beeld vertel hoe die tent gaan lyk as hy weer opgeslaan word.
    - Die Here openbaar dan dat dieselfde tent nie weer opgeslaan word nie, omdat ons blyplek dan ’n permanente huis is: Die ewige koninkryk van God.
    - Daarmee vertel die Here hoe verskillend die lewe hierdie kant van die graf is van die een aan die ander kant van die graf.
        - Trane word jubeling.
        - Al is ons liggaam tydelik afgelê, die innerlike bly vir ewig, en met die wederkoms kry ek my liggaam volmaak terug.
        - Die inhoud van my bestaan verander net van stryd af na oorwinning en die blydskap wat daarmee saamgaan.

In vers 2 en 3 gebruik die Here ’n ander beeld: Die Here kom oordeel en Hy kry nie al die mense in dieselfde toestand nie.

- Party mense is kaal en ander het klere aan.

- Die wat kaal is, het geen toekoms nie.
- Die wat klere aan het, het ’n toekoms – die Here span die hemel oor hulle oop.

Wat bedoel die Here met klere, want as ons dood is, kan ons siel tog nie klere aantrek nie? Die Here verklaar dit: *die klere is die geregtigheid van Jesus Christus.*

Let op na die Christus-prediking.

- Almal wat na hierdie preek geluister het, het onthou dat Jesus nakend aan die kruis gehang het.
- Dit was om uit te beeld hoe dié vir wie Hy sterf voor die Here lyk.
    - Die Here sien hulle in hulle volle werklikheid, want daar is niks wat vir Hom weggesteek kan word nie.
    - Hy sien hulle in die volle omvang van hulle sondes.

Vir die ongelowiges wat daar gestaan het, het dit sekerlik daardie dag gelyk asof die nakende man aan die middelste kruis se tentwoning vir ewig afgebreek is. Hy het seker vir hulle gelyk soos ’n verloorder.

In ’n sekere sin was dit ook so, want Jesus is dood en is begrawe. Maar dit was net om in ons plek deur die hele proses van God se oordeel te gaan. Toe het Hy alles verander.

- Hy staan uit die kaal nuwe graf op en laat dit leeg agter, terwyl Hy in sy volheid verder gaan.
- Toe Hy uit die dood opgestaan het, was hy nie meer nakend nie.
    - Dit was ’n man met klere aan wat aan Maria verskyn het en wat saam met die Emmausgangers geloop het.

Hy vaar weg hemel toe om te gaan plek berei. Die ewige huis van God wat vir baie blyplek het. Dit is presies die blyplek wat die gedeelte wat ons gelees het in gedagte het.

Sonde hier op die aarde kan ons gemeente nie vernietig nie.

- Omdat hierdie kerk die liggaam van die Here is.

Ons is ’n sterk kerk – maar ons is nie sonder stryd nie.

- Steeds bly ons veg teen veragterliking in die geloof – lidmate wie se name op die lidmateregister staan, maar wat nie altyd die Here in die eredienste opsoek en meelewend is nie.
- So tel hierdie tentwoning skeure op.
    - Mettertyd sal dit aan flarde raak en nie met die wederkoms eervol afgeslaan word nie omdat dit deur die tyd gaan disintegreer.

Ons Here Jesus het sy Heilige Gees ook na ons toe gestuur.

- Ons moet sy werk nooit onderskat nie.
- Hy lei ons deur ons kwellinge en deur ons stryd met die versekering dat niks op hierdie aarde soveel krag het dat dit ons van ons saligheid kan beroof nie.
- Maar dan moet ons na sy stem luister.

Hy lei ons ook in hierdie tyd tot selfondersoek, want ons sal ons staanplek in die wêreld moet uitmaak.

- Die Gereformeerde kerke gaan ’n tyd in wat ons sal moet uitmaak waar die leuen loop en waar en hoe die waarheid skerp en met oorgawe gedien moet word.
- Hierdie dinge word uiteindelik nie in ’n Sinode besluit nie, maar in die plaaslike gemeente – deur u. Want u is die liggaam van die Here.

Die Heilige Gees lei ons om elke dag beter te lewe.

- Hy gee ons die nodige insigte dat ons geloof sterker kan word en dat daar by ons groei in heiligwording kan wees.
- Hy lei ons sodat ons deur ons aardse lewe reeds die heerlike lig van God se ewige troon en die klanke van die magtige engelesang kan hoor.

Geliefdes hou dan vas aan die troos wat die Here u gee. Ons aardse tentwoning sal mettertyd afgebreek word, maar dan kom die heerlikheid en jubeling, want dan word hierdie sterflikheid met onsterflikheid vervang – 'n woning wat nie met mensehande gemaak is nie.

Kom vier Nagmaal met blydskap in u hart en met u oë gevestig op hierdie dinge.

Amen

Gebed

Here toon ons die lewenstroom wat van u troon af uitvloei oor ons. Laat ons luister na die stem van die Heilige Gees terwyl die Lam Jesus Christus vir ons bid by U. En laat ons verlang na die land waar daar geen lamp of sonlig is nie omdat U goddelike lig ons daar omstraal. Om Christus ontwil.

Amen

Psalm 147:1 (p. 704)

1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.

Formulier

Psalm 146:1, 8 (p. 700)

1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die Heer.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die Heer!

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116
Psalm 118

Slotgebed

Slotpsalm 145:1 (p. 696)

1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 16 November 2008, Nagmaal